




Lintwurm beheer in beeste Dr Charles Gilfillan BSc(Agric) BVSc(Hons)

Lintwurms is van ekonomiese belang vir diere en mens gesondheid. Die volwasse lintwurm bestaan uit 'n kop of skolex wat aan die derm wand vas heg en die segmente wat uit die skolex groei. Die liggaam van die lintwurm is afgeplat en die lengte van die wurms hang af van die spesies en kan van 1mm tot 15 m in lengte wees.

Lintwurms het nie 'n maagdermkanaalstelsel nie en absorbeer hulle voeding stowe van die dermkanaal via diffusie. Die lintwurm segmente bevat manlike en vroulike geslag dele en die lintwurm groei deur aanvulling met meer segmente. Soos die segmente verder van die kop beweeg vul die segmente op met eiers en dan breek die segmente af en die segmente vol eiers word dan met die mis uitgeskei.

Lintwurms het 'n indirekte lewensiklus met ander woorde hulle het twee gasheer. Die lewensiklus van alle lintwurms volg die selfde patroon maar die finale en tussen gasheer van die verskillende spesies lintwurms is anders. Die volwasse lintwurm kom in die finale gasheer voor en die larf of sist vorm kom in die tydelike gasheer voor. Die volwasse segmente vol eiers breek van die volwasse lintwurm af en word in die mis uit geskei.

Die tussen gasheer sluk die eiers in en die lintwurm embrio broei uit die eier uit en penetreer die derm wand van die tydelike gasheer. Die embrio word deur die bloedstroom na die 'n spesifieke weefsel toe vervoer (brein of lewer) waar die embrio 'n sist vorm. Die finale gasheer sluk die embrio in wanneer hulle die weef sel met die siste insluk.



Lintwurms kan in drie groepe verdeel word afhange van die finale en tydelike gasheer van die lintwurms in die drie groepe. Plantvreter lintwurms, vliesvreter lintwurms en mens lintwurms.



Plantvreter lintwurms

Soos die naam aandu kom die volwasse lintwurm in die derm van plantvreters soos beeste voor. Die lintwurm spesies in hierdie groep wat in beeste voorkom is die melk lintwurm *Monezia benedeni*. Die tussen gasheer van die melk lintwurm is 'n mikroskopiese orbatid grondmyt.

Die grondmyt word deur die beeste ingeneem wanneer hulle wei. Die grootse impak van melk lintwurm besmetting word in kalwers gesein. Kalwers tel die besmetting op wanneer hulle begin gras vreet. Die lintwurm absorbeer voedingstowwe van die derm. Daarom is die tekens van lintwurm besmetting as gevolg van uithongering want die lintwurm absorbeer die voedingstowe wat na die kalwer moet gaan.

Swaar lintwurm besmettings in kalwers veroorsaak dat die kalwers kondisie verloor, veral in winter wanneer die weiding swak is. Die kalwers toon gewoonlik 'n swak haarkleed en 'n boeppens.



Die oribatid grondmyt wat die tussengasheer is van die plantvreter-lintwurms

Beheer van melk lintwurm behels die dosering van die kooie en kalwers voor speentyd wanneer die kalwers so 4 maande oud is en weer op speentyd. Die kooie en kalwers kan of met 'n kombinasie produk soos **Eradiworm** wat Prazikwantel en Levamisool bevat of 'n suiwer lintwurm produk soos **Ecotel** wat net Prasikwantel bevat gedoseer word. Die kalwers moet weer by speentyd behandel word. Dit sal verseker dat die groei van die kalwers nie deur lintwurms benadeel word.

Die gebruik van produkte wat Prasikwantel bevat sal verseker dat sowel die liggaam as die kop van die lintwurm vernietig word. As die skolex agter bly sal die wurm weer groei en die lintwurm probleem sal vinnig weer terug kom.

Vleisvreter-lintwurms


Die twee lintwurms in hierdie groep wat beeste kan aantas is *Tenia multiceps* en *Tenia hydatigena*.



Die siste van T. hydatigena op 'n skaap lewer

Beeste en skape is die tydelike gasheer van hierdie groep lintwurms en huis- en wildehonde is die finale gasheer van hierdie lintwurm. Beeste tel die eiers van hierdie lintwurm op wanneer hulle wei op besmette weidings wat deur ontlasting van besmette honde besmet is. Afhangende van die spesies van lintwurm kan die siste van die lintwurm in die brein, lewer, longe of spiere voorkom. Honde word besmet wanneer hulle weefsel wat siste bevat vreet.

Hierdie lintwurms is van ekonomiese belang vir boere want organe wat siste bevat sal afgekeur word by die abattoir. Die wurm is ook belangrik vir mens gesondheid want mense kan ook die tydelike gasheer wees van *Tenia multiceps*. Die siste van hierdie lintwurm kan skade aan die lewer, longe en brein van 'n mens aandoen wat lewens gevaarlik kan wees vir mense.



Lewensiklus van die vleisvreter-lintwurm (*Taenia multiceps*)

Die beheer van vleis vreter lintwurm behels gereelde ontworming van alle plaas honde met middels wat geregistreer is vir die behandeling van lintwurms in honde. Afval moet altyd deeglik gekook word voor dit aan honde gevoer word. Die lintwurm siste sal deur die kook proses dood gemaak word.

Mens lintwurms

Die lintwurm van belang vir beeste in hierdie groep is *Tenia saginata*. Die volwasse lintwurm kom in die derm van mense voor en kan geweldig lank word. Die wurm vat plek op in die derm van die mens en ding me met mense vir voedingstowe. Daarom kom simptome van swak eetlus en gewig verlies in mense wat met lintwurm besmet is. As mense die eiers in neem kan die siste van die lintwurms in die mense se brein of oë vorm met ernstige gevolge.



'n *T. saginata* lintwurm etlike meters lank wat uit die dunderm van 'n mens geneem is



Die sistvorm van die menslintwurm kom in die spierweefsel van varke en beeste as die sogenaamde "masels"

Beeste tel die eiers van die wurm op wanneer hulle wei op weiding wat besmet is met mens ontlasting. Die siste vorm in die beeste se spiere en as die siste by abattoirs op getel word die karkasse afgekeur word as die besmetting erg is. Met ligte besmettings sal die karkas gevries word om die siste te vernietig.

Beheer van mens lintwurms behels die ontworming van alle mense wat op die plas werk en bly en duur die verskaffing van toilette vir al die plaas bewoners.

Verwysings

1. Data op leër Afrivet
2. Siektes en Parasiete van Beeste, Skape en Bokke in Suid Afrika., 2^{de} uitgawe., Hoofredakteur: Oberem, P., Afrivet Besigheids Bestuur., 2007.,Brightmark., Suid Afrika
3. Parasitic infections of domestic animals a diagnostic manual., 1st edition. J Kaufmann 1996, Birkhäuser Verlag Basel, Boston, Berlin.

Eradiworm Reg. No. 3411 wet 36/1947, Ecotel Reg. G3162 Wet 36/1947
Registrasie houer: Eco Animal Health Southern Africa (Pty) Ltd. Co .Reg. No. 92/00835/07
Bemark deur : Afrivet Business Management (Pty) Ltd. Co. Reg. No 2000/011263/07. Posbus 2009, Faerie Glen 0043. Tel:012 991-6416 Fax:012 991-6417. Hulplyn 0860 VEEARTS. www.afrivet.co.za
November 2010